Openbaring (4)
Sondag 6 Mei 2007
Ds Freddie Schoeman

Ons begin nou met 'n heeltemal nuwe deel in Openbaring. In hoofstukke 4-11 het dit hoofsaaklik gehandel oor die Joods-Romeinse oorlog van 66-70 n.C. Dit het geëindig met God wat sy koningsheerskappy vestig en die hemelse tempel wat oopgaan noudat die aardse tempel vernietig is.

Die hoofstuk 12, waarna ons vandag gaan kyk, verwys na iets heeltemal anders, naamlik wat in die hemel gebeur het net voordat die aarde geskape is – toe dit nog "woes en leeg" (onbewoonbaar) was (Gen 1:2, Ou Vertaling). Dit handel oor 'n groot oorlog in die hemel wat plaasgevind het tussen magte van die lig en die magte van die duisternis; tussen die groot rooi draak en sy engele aan die een kant en Migael en sy engele aan die ander kant.

Hierdie hoofstuk wil antwoorde gee op vrae soos: Waar kom die bose vandaan? (Waar kom die slang van Genesis 3 vandaan?) Hoekom is daar soveel slegte goed wat met mense op aarde gebeur?

Johannes is nog steeds in die hemel tussen die sterre en hy beskryf wat hy sien in terme van sterrebeelde. Hy begin deur twee "tekens" "in die hemel" te sien. (Dus: baie duidelik dat ons hier met sterrebeelde te doen het.)

12:1-2 (Eerste teken)

Johannes sien 'n geweldige groot sterrebeeld (met 'n "kroon" van twaalf sterre). Soos wat Johannes daarna kyk sien hy die maan aan die voete van beeld en die son wat deur die sterrebeeld beweeg. Dit betrokke sterrebeeld is die van "Virgo" (Maagd) in die suidelike naghemel van die noordelike halfrond. Antieke sketse of uitbeeldinge van hierdie sterrebeeld het haar altyd met vlerke voorgestel.

12:3-4 "... die draak het voor die vrou gestaan ..." Aan die voet van die Virgo sterrebeeld sien ons vandag die Libra (Weegskaal) wat weer op sy beurt net bokant Scorpio (Skerpioen) te sien is. In die antieke tyd (voor 250vC) het die sterrekykers hierdie twee sterrebeelde as een gesien. Die Babiloniese sterrekykers het Scorpio deurgaans verbind aan duisternis, die bose en die dood.

Die sterre wat op die aarde val verwys na 'n sterrereën, wat 'n bekende, dog rare verskynsel is. Op 9 Oktober 1933 was 'n sterrereën bokant Portugal sigbaar. Dit het volgens berigte gesorg vir groot konsternasie onder die Portugese!

Na die beskrywing van die twee tekens gaan Johannes nou voort om die aksie te beskryf:

12:5-6 Die eerste ding wat gebeur is die geboorte van 'n kind, spesifiek 'n seun. Dit is duidelike 'n verwysing na die "seun van die mens", 'n baie bekende figuur wat ons (en natuurlik die mense van destyds) uit die boek Daniël (hoofstuk 7) en die buite-Bybelse boek Henog ken. In die evangelies sien ons dat Jesus hierdie term op Homself van toepassing maak.

Die kind word weggeruk na God en na sy troon toe – die Polaris.

Die vrou vlug na die woestyn toe waar God vir haar sorg. ("mense" staan nie eksplisiet in die Griekse teks nie – daar word slegs gepraat van "hulle" - en binne konteks kan dit ook verwys na hemelwesens / engele). Waar is die woestyn? Waarskynlik op die aarde waar dit nog "woes en leeg" was.

12:7-9 Die volgende stuk aksie wat plaasvind is die groot oorlog. Die oorlog vind plaas tussen Migael en sy engele en die draak en sy engele. Die draak word hier verbind aan die slang in die tuin van Genesis 3 – 'n baie sterk aanduiding dat ons hier met voor-skepping situasie te doen het. Die groot krygsman onder die sterrebeelde was natuurlik Orion. In die antieke tyd is Orion altyd met die goeie en die lig verbind. Wanneer Johannes Orion in die sterrehemel sien, dat sien hy vir Migael.

Die name van die draak is "duiwel" (Gr: *diabolos* – "diabolical"), en Satan. "Diabolos" beteken "aanklaer". "Satan" is Persiese leenwoord wat verwys na 'n persoon wat as 'n soort "geheime agent" optree. Die filosoof Epiktetus beskryf vir ons wat die werk van so 'n "geheime agent" in die antieke tyd was.

Sy taak was om die lojaliteit van die koning of keiser se onderdane te toets. Hy sou dit doen deur sy objek of teiken se vertroue te wen en dan, kastig in vertroue, iets slegs oor die koning of keiser sê. Indien die persoon dan ook sleg van die keiser begin praat, dan word hy gearresteer en in kettings geslaan en in die tronk gegooi.

Dit kom ooreen met die manier waarop byvoorbeeld Job getoets is. Johannes se doel is hier om sy gehoor (en ons) te waarsku teen die optrede van die Satan en konstant op ons hoede te wees.

12:10-11 En dan die oorwinningslied wat deur in inwoners van die hemel gesing word omdat die draak nie meer daar is nie. (Dit is sommer ook 'n verklaring waarom die draak wat Johannes in die hemel gesien het nie meer daar is nie – daar is nou net die skerpioen die weegskaal.)

"Medegelowiges" – letterlik "broers" (vers 10) verwys nie na mense op die aarde nie maar na hemelwesens. Jesus se verlossingswerk het daardie tyd al begin!

12:12 Slegte nuus vir die toekomstige inwoners van die aarde! (Ons en al ons voorgeslagte).

12:13 - 14 Die draak agtervolg die vrou, maar sy vlieg weg na die woestyn toe, wat vir haar voorberei is.

12:15-16 Beeld wat hier gebruik word is die van 'n droeë rivierloop (*wadi*) maar wat van tyd tot tyd afkom. Die riverloop wat meeste van die tyd nie water het nie, word dan 'n bruisende watermassa. Dit verdwyn egter ook vinnig – dit lyk kompleet asof die aarde die stroom opsluk.

12:17 Die draak voer oorlog teen haar "nakomelinge" – hier het ons nou vir die eerste keer 'n verwysing na die mense op aarde. Die draak is dus daarop uit om die lewe vir die aardbewoners besonder moeilik te maak. Hy begin deur 'n onskuldige gesprekkie met Eva in die tuin aan te knoop …

"Het God regtig gesê …?" Dis die vraag wat die Satan konstant aan elkeen van ons vra. Hy probeer God onder verdenking plaas. Hy probeer ons sovêr kry om God se motiewe te betwyfel. Hy probeer ons verlei en mislei. Hy is inderdaad die vader van die leuen.

- Is God regtig lief vir jou? Hoekom laat Hy dan toe dat soveel slegte goed met jou gebeur?
- Is God regtig in beheer? Kyk 'n bietjie rondom jou en word wakker! Lyk dit vir jou of God in beheer is? Word bang, leef in vrees!
- Bestaan God regtig? Alle wetenskaplik aanduidings is dat Hy nie bestaan nie.

Sedert daardie tyd is ons as gelowiges in 'n bloedige stryd gewikkel: 'n oorlog tussen goed en sleg, tussen lig en duisternis, tussen lojaliteit aan God en dislojaliteit.

Opebaring 12 sê vir ons dat die oorwinning reeds behaal is. Die beslissende stryd – die stryd in die hemel, is reeds gestry.

Nagmaal – teken dat die oorwinning rééds behaal is. Met die kruisiging van Jesus het die bose sy bes gedoen … in sy volle felheid teen Jesus aangekom. Maar hy kon Hom nie oorwin nie. Na drie dae het Hy weer uit die dood opgestaan en daarmee 'n beslissende oorwinning behaal.

Met die Nagmaal vier ons hierdie oorwinning. Die Nagmaal is 'n oorwinningsmaaltyd!